# VAKFILOSOFIESE SKOLING

T.H. Veldsman

Laboratorium vir Menslike Hulpbronne, Kamer van Mynwese Navorsingsorganisasie, Aucklandpark.

ABSTRACT

The aim of this article is to provide an answer to the question: What should the training of the philosopher of the special sciences entail? The article discusses who should be trained as philosopher of the special sciences; what such training should involve; when it should take place; and who should act as trainers.

Die noodsaaklikheid vir die vakfilosofie word reeds lank bepleit (Botha, 1976; 1977; 1979). In Veldsman (1984a; 1984b; 1984c) is die aard en taak van die vakfilosofie behandel. Die vakfilosofie is aldaar gedefinieer (Veldsman, 1984a:204) as daardie onderafdeling van die vakwetenskap wat die antwoorde ondersoek wat op "wat is?" vrae betreffende die grondbegrippe van 'n vakwetenskap gegee word (of behoort gegee te word), m.a.w. die voorveronderstellings gehuldig in die vakwetenskap. Hierdie antwoorde vorm gesamentlik die formele dimensie van 'n vakwetenskap (d.w.s. die verwysingsraamwerk van die vakwetenskap) en fungeer as voorveronderstellings ten opsigte van die vakwetenskap se materiële dimensie, die van-dag-tot-dag beoefening van die vakwetenskap.

Die taak van die vakfilosofie (Veldsman, 1984c) is in terme van die rolle van speurder (die uitsnuffel van die implisiete en eksplisiete antwoorde wat op die "wat is?" vrae ten opsigte die grondbegrippe gegee word, d.w.s. die gehuldigde voorveronderstellings); tolk (die skep van wedersydse toegang tussen die Filosofie en die materiële wetenskapsbeoefening in die vakwetenskap ten einde bv. die oorsprong van voorveronderstellings te bepaal) en kritikus (die beoordeling van antwoorde wat op die "wat is?" vrae gegee is en die ponering van die

antwoorde wat behoort gegee te word, m.a.w. die stel van nuwe vooronderstellings).

Teen die agtergrond van hierdie bespreking tree die volgende vraag nou op die voorgrond: wat behels vakfilosofiese skoling? Anders gestel: watter persoon met watter vaardighede is die geskikste om die vakfilosofie te bedryf? Die skrywer is onbewus van enige indringende poging om hierdie saak ter werde te bring. Wie egter van die noodsaaklikheid van die vakfilosofie bewus is, moet noodgedwonge tot bogenoemde vraag kom. Dit help tog geensins om te pleit vir die bestaansreg van die vakfilosofie sonder om duidelikheid te hê oor die profiel en oorsprong van die persone wat vakfilosofie moet bedryf nie.

Die doel van hierdie artikel is dus om 'n antwoord op hierdie vraag te vind. Die artikel verloop soos volg: eerstens word bepaal wie vakfilosofiese skoling moet ondergaan; tweedens wat die vakfilosofiese skoling moet behels; derdens wanneer die vakfilosofiese skoling moet geskied; en vierdens wie die vakfilosofiese skoling moet aanbied.

## 1. WIE MOET VAKFILOSOFIESE SKOLING ONDERGAAN?

Drie antwoorde word op hierdie vraag aangebied (Botha, 1979; Kuypers, 1966):

- die (materiële) vakwetenskaplike self wat midde in die vakwetenskap werksaam is (bv. Duijker, 1971/2);

- Die filosoof, omdat hy op hoogte van die algemeen wysgeringe problematiek is (bv. Husserl, volgens Kuypers, 1966); of

- spesiaal opgeleide vakfilosowe wat in beide die (materiële) vakwetenskap en filosofie geskool is, maar wat in die eerste instansie 'n vakwetenskaplike is (bv. Botha, 1979; Kuypers, 1966).


Die antwoord wat gegee word, is in 'n sin afhanklik van die verhoudingsmodel van vooronderstellingstipes wat onderskryf word. Ten einde hierdie stelling te kan beredeneer, is dit nodig om kortliks weer die onderskeie verhoudingsmodelle te bespreek. Vir 'n indringende be-

spreking kan Veldsman, (1984b) geraadpleeg word. In kort slegs die volgende: In Veldsman, (1984b) word vier tipes vooronderstellingstipes onderskei, naamlik lewens- en wêreldbeskouing, algemeen wetenskaplike wêreldbeeld, vakwetenskaplike wêreldbeeld en vakwetenskaplike teorieë. Die onderskeie tipes kan in verskillende verwantskappe relatief tot mekaar geplaas word, afhangende van die soort verhouding wat tussen die vooronderstellingstipes voorgestel word. Twee soorte verhoudings kan onderskei word, naamlik funderings- en terugvoeringsverhoudings. Eersgenoemde bestaan wanneer een vooronderstellingstipe 'n ander tipe fundeer, normeer en begrens. 'n Terugvoeringsverhouding bestaan wanneer 'n "latere" vooronderstellingstipe 'n "vroeëre" tipe inhoudelik kan beïnvloed.

Figuur 1 tot 6 illustreer ses geïdentifiseerde verhoudingsmodelle (Veldsman, 1984b). 'n Onderbroke en gebroke lyn dui onderskeidelik funderings- en terugvoeringsverhoudings aan.

FIGUUR 1


GEEN OF BEPERKTE VERHOUDINGSMODELLE VAN VOORONDERSTELLINGSTIPES



Die verhoudingsmodelle gegee in Figuur 1 is in wese die ontkenning van een of meer vooronderstellingstipes. 'n Gekruisde vooronderstellingstipe dui die ontkende vooronderstellingstipe aan.

FIGUUR 2


REGLYNIGE (VOORWAARTSE) VERHOUDINGSMODEL VAN VOORONDERSTELLINGSTIPE




Die reglynig (voorwaartse) verhoudingsmodel gegee in Figuur 2 word ook die onderbou-bowe-bou model genoem (Botha, 1976; 1977; Scheurs, 1971/2).


FIGUUR 3

REGLYNIGE (TERUGWAARTSE) VERHOUDINGSMODEL VAN VOORONDERSTELLINGSTIPES





FIGUUR 4

PARALELLE VERHOUDINGSMODEL VAN VOORONDERSTELLINGSTIPES



FIGUUR 5


SIRKELVERHOUDINGSMODEL VAN VOORONDERSTELLINGSTIPES




Die verhoudingsmodel gegee in Figuur 5 is basies 'n kombinasie van die voorwaarts en terugwaarts reglynige verhoudingsmodelle, met dié verskil dat die funderingsverhouding van laasgenoemde model in 'n terugvoeringsverhouding verander is.

FIGUUR 6

SISTEEMVERHOUDINGSMODEL VAN VOORONDERSTELLINGSTIPES




In terme van bogenoemde verhoudingsmodelle kan vier moontlike antwoorde op die vraag: wie moet vakfilosofiese skoling ondergaan? gegee word.

- Antwoord 1: Die ondersteuner van die geen of beperkte verhoudingsmodel (Figuur 1) gun die vakfilosofie geen bestaansreg nie, omdat hulle die vooronderstellingstipe "vakwetenskaplike wêreldbeeld" ontken. Die vraag na wie vakfilosofiese skoling behoort te deurloop, is vir hierdie rede dus vir hulle sinneloos.

- Antwoord 2: Die ondersteuner van die reglynig (terugwaartse) verhoudingsmodel (Figuur 3) sal meer geredelik antwoord: "Die vakwetenskaplike", omdat die materiële vakwetenskap (in besonder "vakwetenskaplike teorieë) vir hom die "vakwetenskaplike wêreldbeeld" bepaal.

- Antwoord 3: Die antwoorde "Die filosoof" behoort meer geredelik deur die ondersteuner van die reglynig (voorwaartse) of parallelle verhoudingsmodel (Figuur 2 en 4) gegee word. In hierdie geval

fundeer die vooronderstellingstipes "algemeen wetenskaplike wêreldbeeld" en/of "lewens- en wêreldbeskouing" (die gebied van die filosofie) die "vakwetenskaplike wêreldbeeld". Geen terugvoeringsverhouding van laasgenoemde na eersgenoemde twee vooronderstellingstipes word daarby aanvaar nie.

- Antwoord 4: Die ondersteuner van die sirkel- of sisteemmodel (Figuur 5 en 6) sal antwoord: "Spesiaal opgeleide vakfilosowe (binne die Vakwetenskap)" as gevolg van die relatiewe plasing van die vooronderstellingstipes met betrekking tot elkander en die erkenning van beide funderings- en terugvoeringsverhoudings tussen die vooronderstellingstipes.

Gesien in die lig van die argumente geopper teen die bestaande verhoudingsmodelle en ten gunste van die voorgestelde sisteemverhoudingsmodel (Figuur 6) wat die besware poog te ondervang (Veldsman, 1984b), skyn laasgenoemde antwoord myns insiens die aanvaarbaarste te wees.

In terme van die sisteemverhoudingsmodel neem die vakfilosofie 'n "tussen-in" posisie in as gevolg van die plasing van die vooronderstellingstipe "vakwetenskaplike wêreldbeeld" binne die sisteemmodel. Dit impliseer dat die spesiaal opgeleide vakfilosoof wat in die formele wetenskapsdimensie van die vakwetenskap belangstel, 'n posisie tussen die Filosofie en die materiële wetenskapsbeoefening binne die vakwetenskap sal inneem. Slegs op hierdie wyse sal hy daartoe in staat wees om sy bogenoemde rolle van speurder, tolk en kritikus afdoende te kan vervul.

## 2. WAT MOET DIE VAKFILOSOFIESE SKOLING BEHELS?

Die "tussen-in" posisie van die spesiaal opgeleide vakfilosoof, soos hierbo uiteengestel, dui reeds myns insiens die omvang en grense van sy skoling aan as antwoord op bogenoemde vraag. Hierdie posisie vereis dat hy:

1. 'n kundige met betrekking tot die tersaaklike vakwetenskap(pe) sal wees, hoewel hy nie noodwendig op 'n daaglikse basis by materiële wetenskapsbeoefening betrokke hoef te wees nie. Hierdie kundigheid

ondervang Antwoord 1 hierbo dat die vakfilosoof 'n (materiële) vakwetenskaplike self moet wees. Dit dui ook daarop dat die vakwetenskap die mees waarskynlike bron van vakfilosowe sal wees.

Vakwetenskaplike kundigheid sal hom in staat stel om deeglik bewus te wees van innerlike spanninge in die vakwetenskap(pe). Voorbeelde van sulke spanninge is: die bestaan van verskillende strominge binne die vakwetenskap; die wete van verskille binne die vakwetenskap tussen die gehuldigde wetenskapsbeskouing en werklike wetenskapsbeoefening; eksplisiete en implisiete kritiek met betrekking tot die gehuldigde vooronderstellings van die vakwetenskap; asook integrasie- en sistematiseringsprobleme binne die vakwetenskap. Die vereiste kundigheid sal bepaal word deur die belangstelling van die betrokke vakfilosoof, dit wil sê vakfilosofie in 'n omvattende sin (dit wil sê 'n aantal bymekaarkomende vakwetenskappe) of in 'n enger sin ('n enkele vakwetenskap).

2. 'n grondige kennis moet besit van die geskiedenis (waar onder die verwagte futurologie) van die onderhawige vakwetenskappe, omdat geen materiële wetenskapsbeoefening in die lug hang nie. Laasgenoemde is in 'n sin 'n verlenging van of 'n reaksie op die materiële wetenskapsbeoefening wat dit vooraf gegaan het.

3. 'n kundige met betrekking tot die vakfilosofie as sodanig moet wees, in besonder in vakfilosofiese metodologieë. (So ver bekend aan die skrywer, is daar nog min in hierdie verband gedoen). Slegs dan sal hy in staat wees om op 'n doelmatige en doeltreffende wyse vakfilosofiese studies te loods en te lei.

4. kennis moet hê van enige vakfilosofiese studies wat reeds met betrekking tot die vakwetenskap(pe) onderneem is, veral as die vakfilosofie reeds sterk binne die vakwetenskap(pe) gevestig is.

5. 'n oorsigtelike kennis moet hê van die Filosofie, in besonder die geskiedenis en sistematiek (ontologie of metafisika) van die Filosofie as gevolg van die "tussen-in" posisie van die vakfilosofie tussen die Filosofie en die materiële beoefening en die vakfilosofie se rolle as tolk en kritikus (Veldman, 1984b:315 e.v.). 'n Deeglike kennis moet

egter van daardie onderafdelings van die Filosofie bestaan wat direk met die grondbegrippe van die vakwetenskap verband hou (Veldsman, 1984b:315 e.v.; 1984c:481), byvoorbeeld in geval van die grondbegrippe "wetenskap" en "mens" onderskeidelik die Wetenskapsleer en Filosofiese Antropologie. Hierdie kundigheid ondervang Antwoord 3 hierbo dat die vakfilosoof 'n filosoof moet wees. In die geval van 'n belangstelling in die vakfilosofie in 'n omvattender sin met betrekking tot 'n aantal bymekaarhorende vakwetenskappe, is die waarskynlikheid groter dat die Filosofie as bron van vakfilosowe sal dien.

Vakfilosofiese skoling vereis dus in die lig van Antwoord 4 hierbo, samevattend, 'n deeglike kennis van die ter saaklike vakwetenskap(pe) se materiële wetenskapsbeoefening; van die geskiedenis van die vakwetenskap; van die vakfilosofie as sodanig; van vorige vakfilosofiese studies met betrekking tot die vaktwetenskap(pe); van die tersaaklike onderafdelings van die Filosofie, soos bepaal deur die vakwetenskap(pe) se grondbegrippe; asook 'n oorsigtelike kennis van die geskiedenis en sistematiek van die Filosofie.

Al bogenoemde areas van skoling is in 'n mindere of meerdere mate goed gevestig, afgesien miskien van dié van die vakfilosofie as sodanig. Die uitdaging lê eerder in die samestelling van sodanige skolingsprogram en die regte frasering van sodanige skoling, die onderwerp van die volgende afdeling.


## 3. WANNEER MOET DIE VAKFILOSOFIESE SKOLING GESKIED?

Dit kom myns insiens voor asof daar 'n bepaalde orde is waarin die vakfilosofiese skoling aangebied moet word. Skoling in die vakfilosofie as sodanig en vorige vakfilosofiese studies (waar laasgenoemde eersgenoemde vooronderstel) vooronderstel voldoende kennis van die vakwetenskap se geskiedenis en huidige materiële wetenskapsbeoefening (waar laasgenoemde weer eersgenoemde sou kon vooronderstel). Omvattende kennis van die ter saaklike onderafdelings van die Filosofie, soos bepaal deur die vakwetenskap(pe) se grondbegrippe, vereis reeds 'n oorsigtelike kennis van die geskiedenis en sistematiek van die Filosofie.

In die lig van hierdie orde word in Figuur 7 'n moontlike volgorde vir vakfilosofiese skoling aangedui.

FIGUUR 7

'N MOONTLIKE VOLGORDE VIR VAKFILOSOFIESE SKOLING




Tydstip 1 sou akademies uitgedruk, gelykstaande wees aan voorgraadse/Honneurstudie, terwyl Tydstip 2 en 3 kon saamval met Honneurs- en Magistergraadstudie onderskeidelik.

4. WIE MOET DIE VAKFILOSOFIESE SKOLING AANBIED?

Die antwoord op hierdie vraag word bepaal deur watter vakfilosofiese situasie met betrekking tot die ter saaklike vakwetenskap(pe) bestaan. Twee situasies is moontlik: die vakfilosofie is reeds goed gevestig of geen vakfilosofie bestaan nog nie.

In eersgenoemde geval kan die vakfilosofiese skoling deur die vakfilosowe self aangebied word, met uiteraard die gebruik van meer gespesialiseerde hulp waar benodig (byvoorbeeld met betrekking tot die Filosofie). In laasgenoemde geval sou een uitweg moontlik kon wees dat filosowe die aanvanklike vestigings- en opleidingsinisiatief neem, maar met die uiteindelike doel om 'n selfstandige vakfilosofie met betrekking tot die ter saaklike vakwetenskap(pe) te vestig en dan op die agtergrond te tree. Dit is egter nie onmoontlik dat 'n vakwetenskaplike, as gevolg van 'n sterk vakfilosofiese belangstelling, die inisiatief op hom kan neem om die vakfilosofie in sy vakwetenskap te vestig nie.

## SLOT

Die doel van hierdie artikel is om 'n antwoord te vind op die vraag: wat behels vakfilosofiese skoling?

Daar is getoon dat spesiaal opgeleide vakfilosowe gelewer moet word indien die sisteemverhoudingsmodel van veronderstellingstipes aanvaar word. Hul skoling moet gerig wees op 'n deeglike kennis van die ter saaklike vakwetenskap(pe) se materiële wetenskapsbeoefening; van die geskiedenis van die vakwetenskap; van die vakfilosofie as sodanig; van vorige vakfilosofiese studies met betrekking tot die vakwetenskap(pe); en van die ter saaklike onderafdelings van die Filosofie, soos bepaal deur die vakwetenskap(pe) se grondbegrippe. 'n Oorsigtelike kennis van die geskiedenis en sistematiek van die Filosofie is ook nodig.

Die vakfilosofiese skoling skyn ook aan 'n bepaalde orde onderworpe te wees: oorsigtelike skoling in die geskiedenis en sistematiek van die Filosofie, asook deeglike skoling in die huidige materiële wetenskapsbeoefening binne die vakwetenskap(pe) (Tydstip 1: Voorgraadse/Honneurstudie); deeglike skoling in die tersaaklike afdelings

van die Filosofie soos bepaal deur die vakwetenskap(pe) se grondbegrippe, in die vakfilosofie as sodanig en in die geskiedenis van die vakwetenskap(pe) (Tydstip 2: Honneurs-/Magistergraadstudie); en deeglike skoling in vorige vakfilosofiese studies met betrekking tot die vakwetenskap(pe) (Tydstip 3: Honneurs-/Magistergraadstudie).

Die verantwoordelike instansie vir vakfilosofiese skoling word bepaal deur óf die vakfilosofie reeds goed gevestig is binne die vakwetenskap(pe) (vakfilosowe self onderneem hoofsaaklik die skoling) óf geen vakfilosofie nog bestaan nie (filosowe en/of vakwetenskaplike met 'n sterk vakfilosofiese belangstelling neem die inisiatief).

## BIBLIOGRAFIE


BOTHA, M.E. 1976. Op die grens van vakwetenskap en filosofie. Koers, 41(2):46-63.

BOTHA, M.E. 1977. **Elementêre inleiding tot die wetenskapsleer**. Potchefstroom : PU vir CHO.

BOTHA, M.E. 1979. Filosofie, vakwetenskappe en grondslae-ondersoek, Koers, 44(4):241-259.

DUIJKER, H.C.J. 1971/2. Psychologie en wijsbegeerte. Wijsgerig perspectief op maatschappij en wetenschap, 12:308-320.

KUYPERS, K. Het begrip (de term) hypothesis (vooronderstelling, grondslag) en die bepaling van die verhouding tussen vakwetenschap en filosofie. Algemeen Nederlands tijdschrift voor wijsbegeerte en psychologie, 58:187-202.

SCHREURS, B.J. 1971/72. Psychologie, filosofie en de klamme handjes. Wijsgerig perspectief op maatschappij en wetenschap, 12:336-362.

VELDSMAN, T.H. 1984a. Die vakfilosofie (Deel I): Die aard van die vakfilosofie. Koers, 49(2):203-212.

VELDSMAN, T.H. 1984b. Die vakfilosofie (Deel II): Die aard van die vakfilosofie. **Koers**, 49(3):295-318.

VELDSMAN, T.H. 1984c. Die vakfilosofie (Deel III): Die taak van die vakfilosofie. **Koers**, 49(4):465-491.